

Maak Jou Eie Bêre Kubusse.

Moeilikhedgraad: Maklik.

Tyd benodig: 2 tot 3 ure, plus droogtyd.

Alternatiewe materiaal: Gelamineerde denne of laaghout.

Inkopielys

- ◆ Saaglys vir 1 kubus (jy kan vier kubusse uit een stuk Supawood van 2 700 x 1 800 x 16 mm maak):
 - Deksel: 1 stuk Supawood van 450 x 450 x 16 mm
 - Kort sye: 2 stukke Supawood van 450 x 450 x 16 mm
 - Langer sye: 2 stukke Supawood van 450 x 418 x 16 mm
 - Bodem: 1 stuk Supawood van 418 x 418 x 16 mm
- ◆ 8 mm- en 40 mm-spaanderbordskroewe
- ◆ houtlym
- ◆ 450 mm-klavierskarnier
- ◆ 4 x 50 mm-rolwieleetjies, plus bote en moere
- ◆ houtgrondverf
- ◆ emalje-akriel-PVA (in die kleur van jou keuse - ons het waterbasis-emaljeverf gebruik: Plascon Corbousier)

Wat jy benodig

- ◆ Maatband en skerp potlood
- ◆ 3 mm-, 8 mm-boorpunte
- ◆ koordlose boor
- ◆ versinkboorpunt
- ◆ kragboor
- ◆ verfkwas
- ◆ sponsroller
- ◆ 35 mm-spoedboorpunt

So maak jy

1.) Sit die kubus aan mekaar deur die bodem op twee afvalstukke hout van 44 mm neer te sit, met die korter sykante langs.

Die doel van die 44 mm afvalstukke is om 'n ingelate bodem te vorm waarin die rolwieleetjies vas gesit kan word.

2.) Gebruik nog 'n 44 mm-afvalstuk (of jou maatband) om 44 mm van die onderkant af te meet. Trek 'n lyn teen die buitekant. Jy gaan die lyn volg as die gate vir die skroewe geboor word.

3.) Boor 3 mm-leigate op gelyke afstande al met die lyne langs. Gebruik dan 'n versinkboorpunt om die gate vir die skroewe te versink.

4.) Lym en skroef die kort sye met die 40 mm-spaanderbordskroewe aan die bodem vas.

5.) Sit die groter sye in posisie vas sodat dit die korter sye oorvleuel.

6.) Gebruik 'n banksaag om 'n 2 mm-groef aan een rand van die deksels te verkry. Dit verseker dat die klavierskarnier gelyk met die onderkant van die deksel vasgesit kan word.

7.) Gebruik die 8 mm-spaanderbordskroewe om die klavierskarnier aan die deksel vas te skroef.

8.) Boor 8 mm-gate vir die rolwieleetjies in die onderkant van die bodem, ongeveer 50 mm van die hoeke af.

9.) Sit die rolwieleetjies op hulle plek vas met die bote en moere.

10.) Verf die kubusse met 'n grondverf en verfwerking van jou keuse.

Wenk:

Gebruik 'n 35 mm-spoedboorpunt om 'n gat in die voorkantpaneel en in die voorrand van die deksel te maak. Sodoende kan die kubus rondbeweeg en die deksel sal dan maklik gelig kan word.